# DIE GRONDWETLIKHEID VAN GELOOFSKLOUSULES IN TESTAMENTE

Skripsie ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes van die graad Magister Legum
in Boedelreg aan die
Noordwes-Universiteit
(Potchefstroom kampus)

deur

**M van Wyk**

12307378

Studieleier: Prof C Rautenbach

Oktober 2005

**BEDANKINGS**


| | |
|---|---|
| Die Hemelse Vader | Vir die gawe en geleenthede *SOLI DEO GLORIA!* |
| My gesin | Vir julle begrip en ondersteuning. |
| My studieleier, Prof C Rautenbach | Dankie vir u leiding en insette. Dit was 'n voorreg om saam met só 'n dinamiese persoon te kon werk. |
| Anél Du Plessis | Dankie vir al jou bystand en motivering. |

**OPSOMMING**

'n Grondbeginsel van die Suid-Afrikaanse erfreg is die testeervryheid van 'n erflater. Testeervryheid hou in dat daar gevolg gegee sal word aan die wense van 'n testateur met betrekking tot sy eiendom na sy dood. Alhoewel hierdie vryheid van 'n testateur in 'n mate onbeperk geld, het daar mettertyd gemeenregtelike en statutêre beperkings op die testeervryheid van 'n testateur ontwikkel. Sedert die inwerkingtrede van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996, het dit belangrik geword om te bapaal of die Grondwet en spesifiek die Handves van Regte enige verdere beperkings op die testeervryheid van 'n testateur plaas. Ten einde hierdie vraag te beantwoord is die ondersoek aan die hand van 'n voorbeeld gedoen, naamlik die bepaling in 'n testament wat bepaal dat 'n begunstigde sy erfvoordele sal verbeur indien hy met 'n persoon van 'n ander geloof trou of van sy geloof afstand doen (die sogenaamde "geloofsklousule").

In Hoofstuk 2 is daar na die posisie voor die inwerkingtrede van die Grondwet gekyk. *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539(A) is die *locus classicus* met betrekking tot geloofsklousules voor die inwerkingtrede van die Grondwet. In hierdie saak is bevind dat geloofsklousules voor die inwerkingtrede van die Grondwet nie *contra bonos mores* was nie en dus as geldig beskou is.

In Hoofstuk 3 is die posisie na die inwerkingtrede van die Grondwet ondersoek. Die relevante bepalings in die Handves is ontleed en daar is bevind dat 'n geloofsklousule op sekere regte vervat in die Handves inbreuk maak. In hierdie studie word die reg op gelykheid, reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening, die reg op menswaardigheid en die algemene beperkingsbepaling ondersoek. In die lig van die doel en oogmerke van 'n geloofsklousule in 'n testament, blyk dit dat geargumenteer kan word dat dit inbreuk maak op die reg op menswaardigheid, gelykheid en geloof. Die gevolg is dat 'n geloofsklousule

waarskynlik na die inwerkingtrede van die Grondwet as *contra bonos mores* beskou word.

In hoofstuk 4 word die aanbeveling gemaak dat 'n erflater wat sy betrokke geloof wil bevoordeel, eerder van ander metodes, as geloofsklousules in testamente, gebruik moet maak. Sodoende word verseker dat die regte van alle persone, ook begunstigdes, beskerm word.

## SUMMARY

Freedom of testation is recognised as one of the founding principles of the South African law of estate succession. According to this principle, testators are free to dispose of their assets in a will in any manner they deem fit. Effect will not be given to testamentary provisions if compliance with such provisions are *contra bonos mores* or against public policy. Certain limitations in freedom of testation in selected common law and civil law legal systems exist. Since the enactment and commencement of the *Constitution of the Republic of South Africa* 1996, it became important to determine whether the Constitution and particularly the Bill of Rights constitute any additional limitations on freedom of testation. This study investigates this question with particular reference to the so-called testamentary faith and race clauses.

The pre-1996 position is discussed in chapter 2 of this study. The case of *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) is the *locus classicus* as for testamentary faith and race clauses. The conclusion in this case was that testamentary faith and race clauses before the commencement of the Constitution were not contrary to public policy and consequently not invalid.

In chapter 3 of this study, the position after the post-1996 position is discussed. The Constitution is the supreme law of the Republic; law or conduct inconsistent with it is invalid, and the obligations imposed by it must be fulfilled. The question passed is whether or not the provisions of the Constitution amend the current legal position regarding testamentary faith and race clauses, even though the Constitution is the supreme law of the Republic? Attention is drawn to the enforcement of the Constitution and relevant provisions of the Constitution. This study, *inter alia*, investigated the right to equality, the right to freedom of conscience, religion thought, belief and opinion, the right to human dignity and the general limitation clause. In the light of the purpose and aim of testamentary faith and race clauses, it

seems likely that the right to human dignity, equality and religion as espoused in the Constitution, may be violated. Following the enactment of the Constitution, a testamentary faith and race clause may be *contra bonos mores* and accordingly invalid.

Chapter 4 of this study recommends that a testator who wants to favour his religion should utilise other methods than testamentary faith and race clauses to favour his or her religion. For example, to place certain assets in a trust for his beneficiaries. This may ensure the protection of the rights of all people including the beneficiary.

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1 INLEIDING ........ 1**

1.1 Agtergrond en probleemstelling ........ 1

1.2 Terreinafbakening ........ 4

**HOOFSTUK 2 GELOOFSKLOUSULES VOOR 1996 ........ 6**

2.1 Inleiding ........ 6

2.2 Beginsel van testeervryheid ........ 6

2.3 Beperkings op testeervryheid ........ 7

2.3.1 Statutêre beperkings ........ 7

2.3.2 Gemeenregtelike beperkings ........ 9

2.4 *Aronson v Estate Hart* ........ 12

2.5 Gevolgtrekking ........ 16

**HOOFSTUK 3 GELOOFSKLOUSULES NA 1996 ........ 17**

3.1 Inleiding ........ 17

3.2 Toepassing van die Grondwet (Handves van Regte) ........ 18

3.2.1 Toepassing in die private sfeer ........ 18

3.2.2 Relevante grondwetlike bepalings ........ 20

3.2.2.1 Reg op gelykheid ........ 20

3.2.2.2 Reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening ........ 22

3.2.2.3 Reg op menswaardigheid ........ 31

3.2.2.4 Algemene beperkingsklousule ........ 33

3.2.2.4.1 Algemeen ........ 33

3.2.2.4.2 Relevante faktore ........ 34

3.3 Gevolgtrekking ........ 41

**HOOFSTUK 4 AANBEVELINGS EN SLOT ........ 42**

4.1 Inleiding ........ 42

4.2 Aanbevelings ........ 43

4.3 Slot ........ 44

**BIBLIOGRAFIE** .......................................................................... 45

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1 Agtergrond en probleemstelling

Die erfreg speel 'n belangrike sosiale funksie in die Suid-Afrikaanse reg. Die meeste erflaters is begerig dat hulle familie na hulle dood behoorlik versorg agter gelaat moet word. Daarom verkies erflaters om testamente op te stel waarin duidelik uiteengesit word hoe hulle boedels op begunstigdes moet vererf.[1]

'n Grondbeginsel van die Suid-Afrikaanse erfreg is die testeervryheid van 'n erflater.[2] Testeervryheid hou in dat daar gevolg gegee sal word aan die wense van 'n testateur met betrekking tot sy eiendom na sy dood.[3] Alhoewel hierdie vryheid van 'n testateur in 'n mate onbeperk geld, het daar mettertyd gemeenregtelike en statutêre beperkings op die testeervryheid van 'n testateur ontwikkel.

Ingevolge die gemenereg mag 'n testateur byvoorbeeld nie bepalings maak wat onwettig, *contra bonos mores*, onuitvoerbaar, vaag of onmoontlik is nie.[4] Nog 'n voorbeeld is 'n ouer se plig om sy

---

1 De Waal 1997 *Stell LR* 164 -165. Die sosiale funksie van die erfreg word direk met die konteks die familie verbind. Hierdie verbinding spruit voort uit die algemene opvatting dat die familie 'n identiteit is wat waardig is om beskerm en versorg te word. Waar 'n testateur sterf en 'n gade tesame met afhanklike kinders nalaat, maak die erfreg daarvoor voorsiening dat die oorlede testateur se boedel aan die familie se basiese behoeftes voorsien. Hierdie voorsiening aan die basiese behoeftes word by intestate erfopvolging verseker deur die kring van afhanklikes so na as moontlik aan die testateur te trek. Die reëls van die intestate erfreg het dus ten doel om die familie te beskerm. Volgens Friedman 1966 *Wisconsin Law Review* 340 word dit "forced succession" genoem. Hy verklaar: "practically speaking, forced succession means succession within the family – to the wife, children or other dependants. Forced succession imposes upon the testator the obligation to care for members of his family before satisfying any other desires and needs, it converts private property at death to family property."

2 Du Toit 2001 *Stell LR* 224.

3 In hierdie skripsie sluit die manlike vorm ook die vroulike vorm in.

4 Abrie *et al Bestorwe Boedels* 77.

minderjarige kinders te onderhou. Hierdie verpligting verval nie by 'n erflater se dood nie, maar gaan op sy boedel oor. Die eis om onderhoud van die afhanklike kind volg in rangorde na dié van gewone skuldeisers, maar vóór die van legatarisse en erfgename.[5] Dus moet die onderhoudseis van minderjarige kinders eers uitbetaal word voordat enige erfgenaam of legataris uitbetaal word.[6]

Benewens die gemeenregtlike beperkings op testeervryheid, beperk sekere wetgewing ook die testeervryheid van 'n erflater, byvoorbeeld in die geval van *fideicommissa*[7] oor onroerende eiendom,[8] onderhoud van langslewende gades,[9] onderverdeling van landbougrond[10] en sekere trustbepalings.[11]

Volgens Rowland kan testeervryheid deur 'n testateur misbuik word, byvoorbeeld:[12]

a) 'n Testateur kan in sy testament bepalings maak om eiendom aan begunstigdes oor te dra wat hulle leed kan aandoen sonder dat hyself daardeur benadeel word. Aan die ander kant sal 'n lewende

---

5 Abrie *et al Bestorwe Boedels* 139-141.

6 Bouwer *Beredderingsproses* 327.

7 De Waal en Schoeman *Erfreg* 106. 'n *Fideicommissum* is 'n regsfiguur ingevolge waarvan 'n persoon 'n bevoordeling aan 'n sekere bevoordeelde bemaak onderhewig daaraan dat die bevoordeling na die afloop van 'n aangeduide termyn of nadat daar aan 'n bepaalde voorwaarde voldoen is, aan 'n verdere bevoordeelde oorgedra moet word.

8 Die *Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed* 94 van 1965 magtig die hof om beperkinge wat by wyse van testament op onroerende goed gelê is, op te hef of te wysig. Sien artikel 6.

9 Die *Wet op Onderhoud van die Langslewende Gade* 27 van 1990 bepaal dat 'n langslewende gade in sekere omstandighede 'n vordering vir onderhoud teen 'n vooroorlede gade se boedel het.

10 Die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond* 70 van 1970 beperk 'n testateur se bevoegdheid om landbougrond te onderverdeel, onder andere by wyse van 'n testamentêre bepaling.

11 Die *Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988 magtig die hof om bepalings van 'n trust te wysig of selfs 'n trust te beëindig.

12 Rowland 1970 *Codicillus* 5-6.

persoon nie eiendom aan iemand oordra wat hulle kan benadeel nie, omdat hy self die finansiële las sal moet dra.[13]

b) 'n Lewende persoon verkeer steeds tussen die persone wat hy leed aangedoen het en dus kan hy nie doof wees vir die gemeenskap se kritiek nie. 'n Testateur is egter immuun teen hierdie kritiek van die gemeenskap.[14]

c) 'n Lewende persoon oefen sy kontrakteervryheid dag vir dag uit terwyl alle veranderlike omstandighede en gebeurtenisse in ag geneem word. 'n Testateur wat die bedoeling het om langtermyn beheer oor sy bates uit te oefen, se beplanning kan met verloop van tyd uit voeling met die behoeftes van die gemeenskap en die bemaakte bates raak.[15]

Sedert die inwerkingtrede van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*[16] het dit ook belangrik geword om te bepaal of die Grondwet en veral die Handves van Regte[17] verdere beperkings op die testeervryheid van 'n erflater plaas. Hier word byvoorbeeld gedink aan 'n bepaling in 'n testament wat bepaal dat 'n erfgenaam sy erfvoordele sal verbeur indien hy met 'n persoon van 'n ander geloof trou of van sy geloof afstand doen (die sogenaamde "geloofsklousule").[18] In *Aronson v*

13 'n Voorbeeld hiervan is waar daar nog 'n verband op 'n huis is wat eers deur die erfgenaam afgelos moet word alvorens hy die eiendom kan bekom.

14 Byvoorbeeld wanneer 'n erflater die vruggebruik van sy eiendom aan sy vrou nalaat onderhewig aan die bepaling dat sy die vruggebruik oor die eiendom sal verloor indien sy weer trou.

15 'n Testateur kan byvoorbeeld sy plaas aan sy kind bemaak onderhewig daaraan dit by die dood van die kind na sy oudste kind moet gaan. Die erfgenaam se oudste kind het egter 'n gevestigde lewe in die stad en het geen behoefte daaraan om die plaas te erf nie.

16 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die *Grondwet* genoem).

17 Vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet.

18 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 549B; *Clayton v Ramsden* 1943 1 All ER 16.

*Estate Hart*[19] het die hof beslis dat só 'n klousule nie *contra bonos mores* is en gevolglik ongeldig is nie.

Artikel 9 van die Grondwet bepaal egter dat daar nie op grond van geloof teen iemand gediskrimineer mag word nie. Artikels 15, 30 en 31 van die Grondwet bevestig ook 'n persoon of 'n gemeenskap se vryheid van godsdiens en die reg om die godsdiens van jou keuse te beoefen. Die vraag ontstaan gevolglik of 'n geloofsklousule in 'n testament steeds, veral in die lig van hierdie bepalings van die Grondwet, geldig sal wees. Met ander woorde, kan daar gesê word dat die Grondwet 'n verdere beperking plaas op die testeervryheid van 'n testateur in dié opsig dat hy nie 'n beperking op 'n begunstigde se geloofsvryheid mag plaas nie?

Dit is belangrik dat 'n boedelbeplanner op die regsvrae en relevane gesag in die lig van die bepalings van die Grondwet bedag gemaak word sodat hy 'n voornemende testateur wat beoog om 'n geloofsklousule in sy testament in te sluit, kan adviseer.

## 1.2 Terreinafbakening

Ten einde die vraag met betrekking tot die grondwetlikheid van geloofsklousules te beantwoord, gaan die volgende werkswyse gevolg word. In die eerste plek gaan daar gekyk word na die posisie van die sogenaamde geloofsklousules voor die inwerkingtrede van die Grondwet.[20] Die standpunte van verskeie skrywers, asook die toepaslike regspraak rakende die invloed van hierdie klousule op testeervryheid, sal onder die loep geneem word. Ten tweede sal die posisie na die inwerkingtrede van die Grondwet geëvalueer word,

19 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A). Vir 'n bespreking van die feite van die saak, sien paragraaf 2.2.1.

20 Sien hoofstuk 2.

spesifiek met verwysing na regspraak en die standpunte van outeurs.[21] Daar sal ook na toepaslike bepalings in die Grondwet verwys word ten einde te bepaal hoe die bepalings van die Grondwet 'n invloed op 'n geloofsklousule kan hê.[22] Laastens gaan volstaan word met 'n gevolgtrekking en aanbevelings.[23]

---

21 Sien hoofstuk 3.
22 Sien hoofstuk 3.
23 Sien hoofstuk 4.

# HOOFSTUK 2

# GELOOFSKLOUSULES VOOR 1996

## 2.1 Inleiding

Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg is aansienlik beinvloed deur die inwerkingtrede van die 1993 Grondwet[24] en die finale Grondwet. In die algemeen kan onderskei word tussen die posisie voor 1994,[25] die posisie vanaf 1994 tot 1996[26] en die posisie na 1996.[27] Aangesien die kwessie van geloofsklousules sedert die inwerkingtrede van die 1993 Grondwet tot en met die inwerkingtrede van die finale Grondwet nie in die regspraak ter sprake gekom het nie, word 'n bespreking van die bepalings van die 1993 Grondwet vir doeleindes van hierdie studie buite rekening gelaat tensy dit van toepassing vind.[28] Vervolgens word die regsposisie met betrekking tot geloofsklousules voor die inwerkingtrede van die finale Grondwet bespreek.

## *2.2* Beginsel van testeervryheid

In die Suid-Afrikaanse reg kan 'n testateur, binne die raamwerk van sekere beperkings, by wyse van 'n testament met sy bates handel soos hy goeddink. Hierdie bevoegdheid van 'n testateur staan bekend as testeervryheid. Die hof is verplig om die bepalings soos vervat in die testament af te dwing.[29]

Van der Merwe en Rowland verklaar soos volg:[30]

> Hoe wispelturig, verbeeldingryk, egoïsties en onredelik 'n erflater, soos blyk uit die bepalings van sy testament, ook al was, hoe ingewikkeld en

---

24 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993. Hierna die 1993 *Grondwet* genoem.

25 Dus die posisie voor die inwerkingtrede van die 1993 *Grondwet* op 27/04/1994.

26 Dus die posisie na 27/04/1994 en voor die inwerkingtrede van die finale *Grondwet* op 04/02/1997.

27 Dus na die inwerkingtrede van die 1996 *Grondwet* op 04/02/1997.

28 Vir 'n bespreking van die relevante bepalings van die 1993 *Grondwet*, sien Du Plessis 1994 *Responsa Meridiana* 414-421.

29 De Waal en Schoeman *Erfreg* 91-92. Vr 'n voorbeeld van 'n geval waar die hof so 'n bevel gemaak het sien *Bydawell v Chapman* 1953 3 SA 514 (A).

30 Van der Merwe en Rowland *Suid-Afrikaanse Erfreg* 251.

> spitsvondig daardie bepalings ook al voorkom, is die uitgangspunt van ons reg steeds om aan die wense van die erflater, soos in sy testament beliggaam, uitvoeing te gee.

Die beginsel van testeervryheid is ook in verskeie hofsake bevestig, byvoorbeeld in *Crookes v Watson* verklaar die hof soos volg:[31]

> Since testation has become unfettered, the testator is not obliged to benefit any person under his will, and if he does, he is as liberty to condition and restrict the benefits which he confers in any manner he pleases. In interpreting the testator's wishes are of paramount importance.

Marais R verklaar in *Ex parte Erasmus* soos volg:[32]

> Dit spreek vanself dat, vir sover dit regtens en prakties moontlik is, gevolg gegee moet word aan die bedoeling van 'n testateur soos hy dit in sy testament uitgedruk het, ongeag hoe onnodig of onwys sommige bepalings daarin ook mag voorkom.

In *Robertson v Robertson's Executors* het Innes HR soos volg beslis:[33]

> The golden rule for interpretation of testaments is to ascertain the wishes of the testator from the language used. And when these wishes are ascertained, the court is bound to give effect to them, unless we are prevented by some rule or law from doing so.

Soos reeds aangedui word die testeervryheid van 'n testateur wel deur sekere gemeenregtelike reëls[34] en statutêre bepalings[35] aan bande gelê. Hierdie beperkings word vervolgens kortliks bespreek.

## 2.3 Beperkings op testeervryheid

### *2.3.1 Statutêre beperkings*

Daar is 'n hele aantal artikels in die *Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende goed*[36] wat beperkinge op 'n testateur se testeervryheid plaas. Dit is byvoorbeeld in openbare belang dat 'n persoon wat verkies om nie self te boer nie, die geleentheid gegun moet word om sy

---

31 *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 298 A-B.

32 *Ex parte Erasmus* 1970 2 SA 176 (T) 178 A.

33 *Robertson v Robertson's Exucutors* 1914(AA) 505 op bladsy 507; Du Toit *Testeervryheid* 115.

34 Sien hoofstuk 1 en paragraaf 2.3.2 hierna.

35 Sien hoofstuk 1 en paragraaf 2.3.1 hierna.

36 94 van 1965.

plaas te verkoop aan iemand wat wel wil boer en sodanige plaas produktief kan gebruik. Die openbare belang word nie gedien indien mense testamentêr verplig word tot aktiwiteite waarin hulle nie belang stel nie.[37]

Artikel 2(1) van die *Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed* maak daarvoor voorsiening dat 'n begunstigde wat 'n belang in 'n onroerende saak het wat aan 'n beperking onderworpe is, by die hof kan aansoek doen om die opheffing of wysiging van sodanige beperking indien die opheffing of wysiging tot voordeel sal wees van die persone, gebore of ongebore, seker of onseker wat ingevolge die testament op daardie onroerende goed of inkomste van die onroerende goed geregtig is. Die aansoek sal toegestaan word indien die aandele wat deur een of meer van die begunstigdes ten tyde van die aansoek in die betrokke onroerende goed gehou is, so klein is dat dit nie ekonomies voordelig gebruik of geniet kan word nie. In die tweede plek sal die aansoek toegestaan word indien die begunstigde nie die betrokke onroerende goed nuttig kan gebruik nie vanweë die verbod in 'n testament.[38] Die Wet beperk ook 'n *fideicommissum* geskep ten opsigte van onroerende eiendom tot twee opeenvolgende *fideicommissarii*.[39]

Die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond*[40] beperk 'n testateur se bevoegdheid om 'n onderverdeling van landbougrond by wyse van 'n testamentêre bepaling te bewerkstellig. Die testateur se testeervryheid word beperk vanweë die feit dat hy nie mag toelaat dat landbougrond onderverdeel word deur dit aan meerdere erfgename te bemaak nie.[41]

---

37 *Ex parte Wallace* 1970 1 SA 103 (NK) 106G-H.
38 Artikel 3(1) van die *Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed.* Sien ook Palser 2000 *TRW* 29.
39 Artikel 6 van die *Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed.*
40 70 van 1970.
41 Palser 2000 *TRW* 29.

'n Hof word ingevolge die *Wet op die Beheer oor Trustgoed*[42] gemagtig om die bepalings van 'n trust te wysig of om die trust te beëindig.[43] Die beperking op testeervryheid deur middel van hierdie wet is daarin geleë dat die hof die bevoegdheid het om die bepalings van die trust te wysig ten einde die oprigter se oogmerke te bereik, of om die belange van bevoordeeldes te bevoordeel, of om te verseker dat die trust nie teen die *boni mores* is nie.[44]

Die *Wet op Onderhoud van die Langslewende Gades*[45] bepaal dat 'n langslewende gade in sekere omstandighede 'n vordering vir onderhoud teen 'n oorlede gade se boedel het. 'n Testateur wat dus versuim om vir 'n langslewende in sy testament voorsiening te maak, loop die gevaar dat 'n eis vir onderhoud teen die boedel ingestel gaan word wat moontlik tot gevolg sal hê dat ander testamentêre bevoordelings beïnvloed gaan word.[46]

### *2.3.2 Gemeenregtelike beperkings*

Daar sal nie gevolg gegee word aan 'n testamentêre bepaling wat onregmatig, *contra bonos mores*, onuitvoerbaar vaag of onduidelik is nie. Daar bestaan egter verskeie opvattings oor wat as strydig met die goeie sedes beskou word. Enkele voorbeelde hiervan is 'n bepaling in 'n testament met die strekking dat 'n erfgenaam nie by laasgenoemde se moeder, aan wie beheer en toesig oor die erfgenaam tydens 'n egskeiding toegestaan is, mag inwoon nie.[47] 'n Bepaling wat op die vernietiging van 'n huwelik gemik is, sal nie ook aan gevolg gegee word nie, omdat dit in stryd met die goeie sedes is.[48]

---

42 57 van 1988.

43 Hierdie bevoegdheid van die hof word vervat in artikel 13 van die wet.

44 Palser 2000 *TRW* 29.

45 27 van 1990.

46 Abrie *et al Bestorwe boedels* 114 Die onderhoudseis is 'n voorkeureis teen die boedel. Palser 2000 *TRW* 29.

47 Van der Merwe *et al Suid-Afrikaanse Erfreg* 252.

48 Van der Merwe *et al Suid-Afrikaanse Erfreg* 252.

'n Vraag wat in hierdie verband die aandag van die howe geniet het, is of 'n bepaling in 'n testament waarvolgens die bevoordeelde se keuse van 'n huweliksmaat tot persone van 'n sekere geloof beperk is, as strydig met die goeie sedes beskou kan word.[49]

In die bekende saak *Aronson v Estate Hart*[50] het die Appèlhof in 1950 beslis dat sodanige geloofsklousule nie teen die goeie sedes is nie.[51] Die Grondwet, as hoogste reg, het moontlik 'n verandering ten opsigte van wat teen die goeie sedes is en wat nie, teweeggebring. Ten einde te bepaal of daar inderdaad 'n verandering in die regsposisie na die inwerkingtrede van die Grondwet teweeggebring is, is dit nodig om die regsposisie voor die inwerkingtrede van die Grondwet uiteen te sit.

In *Ryland v Edros*[52] moes die Kaapse Hoër Hof besluit of 'n beslissing van die Appèlhof, *Ismail v Ismail,*[53] steeds van toepassing is of nie. Die hof dui aan dat die vraag met betrekking tot die *boni mores* waarop die beslissing in die *Ismail v Ismail*[54] saak gebaseer is, op feite berus. Aangesien die *boni mores* (of die openbare belang) op feite berus, kan dit slegs verander indien die feite waarop dit gebaseer is, verander. Die vraag wat beantwoord moes word, is of die 1993 Grondwet 'n verandering in die feitelike posisie met betrekking tot Moslems teweeggebring het. Indien wel, moet die *boni mores* ook daarmee in ooreenstemming gewysig word. Met ander woorde,

---

49 Van der Merwe *et al Suid-Afrikaanse Erfreg* 253-254.

50 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A). Sien paragraaf 2.4 hierna vir 'n bespreking van die saak.

51 Sien paragraaf 2.4 hierna vir 'n bespreking van die feite van die saak.

52 1997 1 BCLR 77 (K). Hierdie saak het gehandel oor die vraag of 'n kontrak wat die basis van 'n Moslemhuwelik gevorm het, geldig in Suid-Afrika is of nie.

53 1983 1 SA 1006 (A). In hierdie saak het die hof beslis dat die erkenning van 'n potensieel poligame verbintenis wat volgens die beginsels van die Islamietiese geloof voltrek is, in stryd met die openbare beleid is. Die basis van die bevinding in die *Ismail*-saak is daarin geleë dat die monogame konsep van die huwelik fundamenteel tot ons samelewing is. Die erkenning van die poligame huwelik sal dus die status van die huwelik ondermyn.

54 *Ismail v Ismail* 1993 1 SA 1006 (A).

die 1993 Grondwet het vereis dat die basiese waardes waarop die *boni mores* berus het, heroorweeg moes word.

Die hof moes beslis of die waardes waarop die 1993 Grondwet gegrond is, die siening met betrekking tot die *boni mores* vervat in die *Ismail*-saak, gewysig het. Farlam R kom tot die gevolgtrekking dat daar nie gesê kan word dat 'n kontrak wat die basis van 'n Moslemhuwelik vorm, "contrary to the accepted customs and usages which are regarded as normally binding upon all members of society" is nie of dat dit "fundamentally opposed to our principles and institutions" is nie. Hy het sy uitspraak op die feit dat die siening van slegs een groep in ons multikulturele samelewing in ag geneem is, berus en soos volg beslis:[55]

> It is quite inimical to all the values of the new South Africa for one group to impose its values on another and that the courts should only brand a contract as offensive to public policy if it is offensive to those values which are shared by the community at large, by all right-thinking people in the community and not only by one section of it.

Tweedens verwys Farlam R na die beginsels van gelykheid, verskeidenheid en die erkenning van die Suid-Afrikaanse samelewing as 'n multikulturele samelewing. Hierdie beginsels is deel van die waardes waarop die 1993 Grondwet gegrond is. In sy opinie is hierdie waardes in stryd met die konsep van *boni mores* soos wat dit in die Ismail-saak toegepas is. Hy verskil van die siening vervat in die *Ismail*-saak, naamlik dat die kontrakte in geskil *contra bonos mores* is en beslis soos volg:[56]

> In my opinion the "radiating" effect of the values underlying the new Constitution is such that neither of these grounds for holding the contractual terms under consideration in this case to be unlawful can be supported.

Dieselfde argumentasielyn kan in die geval van geloofsklousules en die 1996 Grondwet toegepas word. Dit is gevolglik nodig om te bepaal of die feite waarop geloofsklousules voor die inwerkingtrede van die Grondwet toegelaat is, in die lig van die waardes in die Grondwet verander het. Ten einde dit te bepaal, is dit nodig om die feite waarop die hof in *Aronson v*

---

55 *Ryland v Edros* 1997 1 BCLR 77 (K) 90; Rautenbach *Legal Position* 375-376.

56 *Ryland v Edros* 1997 1 BCLR 77 (K) 92; Rautenbach *Legal Position* 376.

*Estate Hart*[57] sy beslissing gebaseer het, te ondersoek. Daarna sal die relevante bepalings van die Grondwet oorweeg word ten einde vas te sel of dit enige veranderings in die *boni mores* met betrekking tot geloofsklousules teweeggebring het.[58]

## 2.4 *Aronson v Estate Hart*[59]

*Aronson v Estate Hart* is die *locus classicus*[60] met betrekking tot die geldigheid van geloofsklousules. In hierdie saak het die testateur se testament 'n bepaling bevat wat bepaal het dat die begunstigdes sy erfvoordeel verloor "if he or she should marry a person not born in the Jewish faith or forsake the Jewish faith" (die sogenaamde "geloofsklousule").[61] Een van die begunstigdes het aansoek gedoen dat die voorwaarde nietig verklaar word. Die hof *a quo* het die aansoek van die hand gewys omdat die bepaling nie onsekerheid geskep het nie.

Die appèl is deur 'n regbank van vyf regters[62] aangehoor. Alhoewel die meerderheidsuitspraak ten gunste van die geloofsklousule in die testament was, het die regters se redes waarom dit as geldig en afdwingbaar beskou is, verskil.[63]

---

57 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A).
58 Sien paragraaf 3.2.2.1 – 3.2.2.3 hierna.
59 *Aronson v Estate Heart* 1950 1 SA 539 (A).
60 Sleutelgesag.
61 Hahlo 1968 *SALJ* 79.
62 Watermeyer HR, Greenberg AR, Schreiner AR, Van den Heever AR en Hoexter AR.
63 Watermeyer HR het met Greenberg AR saamgestem dat die appèl moes slaag, maar met Van den Heever AR ten opsigte van die redes waarom dit moes slaag, saamgestem. Greenberg AR weer, het met Van den Heever AR saamgestem dat die appèl moes slaag, maar wel om ander redes as wat eersgenoemde aangedui het. Hoexter AR het met Greenberg AR saamgestem. Schreiner AR was ook van mening dat die appèl moes slaag.

In die Appèlhof het twee vrae aandag geniet. Eerstens, is die geloofsklousule 'n *nudum praeceptum*[64] en tweedens, is hierdie klousule teen die *boni mores* omdat dit inbreuk maak op 'n begunstigde se keuse van 'n lewensmaat en op sy vryheid van geloof?[65]

Die Greenberg uitspraak was van mening dat die testateur se bedoeling met die woorde "Jewish faith" duidelik is en dat daar effek aan haar bedoeling gegee moet word. Verder was dit duidelik dat die testatrise haarself as 'n persoon van die Joodse geloof beskou het en dat sy wou voorkom het dat haar erfgename met persone trou wat nie deel van die Joodse geloof is nie.[66] Dit is duidelik wat bedoel word met die frase "'n persoon binne die Joodse geloof" naamlik dat dit 'n persoon is wat die Joodse geloof aangeneem het. Om hierdie rede is dit dus ook duidelik dat wanneer die ouers van 'n kind by geboorte van die kind die Joodse geloof aangeneem het, daardie kind dan geag word binne die Joodse geloof gebore te wees. Volgens hom moet die bepaling nie as *contra bonos mores* of nietig aangemerk word nie.[67] Greenberg AR fokus op sosiale oorwegings ter regverding vir sy standpunt. Hy is van mening dat 'n huwelik tussen 'n Jood en 'n nie-Jood tot spanning en onversoenbare geskille tussen gades kan lei. Hy is ook van mening dat die kinders wat uit sodanige huwelik gebore word, die slagoffers van sodanige gesinsprobleme word. Greenberg AR beslis uiteindelik soos volg: "I know of no principle in law which would make it contrary to public policy for him (the testator) to attempt according to his rights to safeguard his descendants against these perils".[68]

---

64 'n *Nudum praeceptum* is 'n verbodsbepaling sonder dat daar iemand aangewys word om die verbod te implimenteer en gevolglik sal daar nie aan die verbod gevolg gegee word nie.

65 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 541-542.

66 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 545-546.

67 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 546-547.

68 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 546.

Volgens die Van den Heever uitspraak is hier twee situasies ter sprake; naamlik waar 'n begunstigde met iemand trou wat nie van die Joodse geloof is nie en waar 'n begunstigde van sy Joodse geloof afstand doen. Wat die eerste situasie betref is die testatrise se bedoeling, volgens Van den Heever AR, duidelik. Die tydstip van die voornemende gade se geboorte is die kritiese oomblik om te bepaal of 'n persoon 'n Jood is of nie. Die begunstigde se voornemende gade moes dus reeds by geboorte 'n Jood gewees het en dit hou in dat die ouers van die voornemende gade Jode moes gewees het.[69] Dieselfde oorwegings is toegepas om te bepaal wat bedoel word met die woorde "or forsake the Jewish faith". Wanneer 'n persoon nie meer sy godsdienstige rituele gereeld beoefen nie, beteken dit nie noodwendig die persoon van sy geloof afstand gedoen het nie. Om van jou geloof afstand te doen hou in dat jy jouself totaal en al van jou geloof onttrek, jou geloof teenstaan of ontken of dat jy deel word van 'n ander geloof. 'n Erfgenaam wat sy oordrewe passie vir sy geloof verloor sal egter nie onder laasgenoemde situasie val nie.[70] Van den Heever AR se uitspraak berus op gemeenregtelike bronne wat bepaal het dat die geloofsklousules nie *contra bonos mores* is nie. Hy beslis soos volg:

> There is nothing immoral or against public policy in a Jew remaining true to the faith of his fathers and a condition that he shall not marry a person of another religion is conducive to harmonious and happy marriages.[71]

Die houding van die Appèlafdeling is dus dat geloofsklousules in testamente nie teen die *boni mores* is nie, dat dit nie regsonsekerheid skep nie en dat dit nie 'n *nudum praeceptum* is nie.[72]

Die beslissing in *Aronson v Estate Hart* het nie die kritiek van die akademici vrygespring nie. Die belangrikste punte van kritiek is die volgende:

---

69 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 547.
70 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 550-551; Hahlo 1950 *SALJ* 235-236.
71 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 567.
72 Hahlo 1950 *SALJ* 234.

a) Gemeenregtelike gesag verouderd:

Van den Heever AR se steun op gemeenregtelike gesag is onvanpas, want dit neem nie moderne behoeftes in aanmerking nie. Volgens Hahlo[73] kan vraagstukke met betrekking tot die *boni mores* nie opgelos word deur te verwys na die standpunte van ou skrywers nie, aangesien "times change and conceptions of public policy change with them."[74]

Joubert[75] verkaar dat daar ook gemeenregtelike gesag is wat Van den Heever JA se aanname weerlê, naamlik dat die sogenaamde geloofsklousule inbreuk maak op die erfgenaam se fundamentele reg tot gelooofsvryheid. Hierdie gesag is egter nie deur Van den Heever JA in aanmerking geneem nie.

b) Inbreukmaking op Regte:

Die streng handhawing van die geloofsklousules in testamente bring fundamentele regte, soos geloofsvryheid en die keuse van 'n lewensmaat, in gedrang. Die sosiale faktore waarop Greenberg AR sy uitspraak grond, is gevolglik nie op 'n gesonde basis gefundeer nie. Hahlo meen dat dit nie handel oor die vraag of 'n huwelik tussen 'n Jood en Christen goed of sleg is nie. Die vraag wat beantwoord moet word, is of 'n testateur, in die lig van die eiendomsbegrip, toegelaat behoort te word om vir twee of meer generasies sy erfgename te dwing om aan 'n bepaalde geloof te behoort?[76]

c) Wye magte van testateurs:

Indien geloofsklousules in die Suid-Afrikaanse reg erken word, kan dit aan 'n testateur die geleentheid bied om op 'n indirekte wyse na sy dood

73 Hahlo 1950 *SALJ* 240.

74 Hahlo 1950 *SALJ* 240 en Du Toit *Testeervryheid* 165.

75 Joubert 1968 *SALJ* 419 en Du Toit *Testeervryheid* 165.

76 Hahlo 1950 *SALJ* 240 en Du Toit *Testeervryheid* 165.

te doen wat hy nie tydens sy lewe kon vermag het nie.[77] Die kritiek hieraan verbonde is dat testateurs dan die lewens van hulle erfgename vanuit hul graf kan regeer.

d) Eie opinie:

Die feite waarop die bevinding van die appèlhof berus ondersteun nie die gevolgtrekking van die hof nie. 'n Geloofsklousule verleen nie sekerheid aan 'n testateur dat sy begunstigde vir altyd aan 'n betrokke geloof sal behoort nie. Dit verleen eerder aan 'n testateur die bevoegdheid om die lewe van sy begunstigdes vanuit sy graf te regeer en sodoende beïnvloed hy die lewensgeluk van sy begunstigdes deurdat hy op 'n indirekte wyse 'n invloed het op die keuse van 'n begunstigde se lewensmaat.

## 2.5 Gevolgtrekking

Dit blyk uit bogenoemde bespreking dat geloofsklousules in testamente voor 1996 nie in 'n negatiewe lig beskou is nie. In navolging van *Aronson v Estate Hart* blyk dit eerder asof dit in die algemeen toelaatbaar was om 'n lewensmaat op grond van geloof te beperk.[78] Die vraag wat vervolgens gevra moet word, is of hierdie geloofsklousule steeds geldig in die lig van die bepalings van die 1996 Grondwet sal wees. In die volgende hoofstuk gaan die mooontlike effek van die 1996 Grondwet op geloofsklousules in testamente ondersoek word.

77 Du Toit *Testeervryheid* 167.
78 Hahlo 1950 *SALJ* 237.

# HOOFSTUK 3

# GELOOFSKLOUSULES NA 1996

## 3.1 Inleiding

Die Grondwet is die hoogste reg van Suid-Afrika en enige regsvoorskrif of optrede wat in stryd daarmee is, is ongeldig.[79] Die vraag wat vervolgens ondersoek gaan word, is of die bepalings van die Grondwet die regsposisie met betrekking tot geloofsklousules in testamente, sal wysig of nie.

Die antwoord tot die vraag sal tot 'n groot mate afhang van die toepassing van die Grondwet in die privaatsfeer. Anders gestel, wat sal die invloed van die Grondwet op die testeervryheid van 'n testateur (wat die insluiting van geloofsklousules in testamente vervat) wees?

Daar is reeds aangedui[80]dat die *boni mores* maatstaf gebaseer is op feite. In die *Aronson v Estate Hart* saak het die hof beslis dat 'n geloofsklousule in 'n testament nie *contra bonos mores* is nie. Die hof het sy gevolgtrekking hoofsaaklik op sosiale oorwegings berus.[81] Die Grondwet beskerm vryhede en regte, soos onder andere gelykheid, geloof en menswaardigheid.[82] Indien die Grondwet dus 'n verandering in die feite waarop geloofsklousules se geldigheid berus, teweeggebring het, is daar moontlik 'n verandering in die *boni mores* bewerkstellig. In só 'n geval moet die regsgeldigheid van geloofsklousules heroorweging geniet.

Gevolglik is dit nodig om aandag te skenk aan die toepassing en relevante bepalings van die Grondwet.

---

79 Artikel 2 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die *Grondwet* genoem).

80 Sien paragraaf 2.3.2 hierbo.

81 Sien paragraaf 2.4 hierbo.

82 Sien paragraaf 3.2.2.1, 3.2.2.2 en 3.2.2.3 hierna.

## 3.2 Toepassing van die Grondwet (Handves van Regte)

### *3.2.1 Toepassing in die private sfeer*

Akademici handhaaf verskillende standpunte wanneer dit by die toepassing van die Grondwet in die privaatsfeer kom. Die verskil in mening hang nou saam met die akademiese ontleding van die relevante bepalings van die Grondwet.[83]

Artikel 8(1) van die Grondwet bepaal dat die Handves van Regte[84] van toepassing is op die totale reg en dat dit die wetgewende-, regsprekende- en uitvoerende gesag, asook alle staatsorgane, bind. Indien artikel 8(1) in die lig van artikel 8(2) geïnterpreteer word, kan daar van die standpunt uitgegaan word dat artikel 8(1) inderdaad vir direkte horisontale toepassing voorsiening maak.[85] Artikel 8(2) bepaal in welke mate artikel 8(1) die verhoudings in die private sfeer beheer en lui soos volg:

> A provison of the Bill of Rights binds a natural or a juristic person if, and to the extent that, it is applicable, taking into account the nature of the right and the nature of any duty imposed by the right.[86]

Ingevolge hierdie bepaling is natuurlike- en regspersone onder sekere omstandighede aan die Handves onderworpe en hierdie omstandighede hang af van die aard van die regte en pligte wat deur die reg opgelê word. Artikel 8(2) skryf verder voor dat, nadat daar bepaal is dat 'n reg in die private sfeer toepassing vind, die mate waarin dit toepasbaar is bepaal moet word met inagneming van die reg of plig wat deur die betrokke bepaling opgelê word.[87]

---

83 Sien byvoorbeeld Visser 1997 *THRHR* 296-303; Kerr 1997 *SALJ* 348; Van Wyk 1997 *THRHR* 377-394.

84 Die Handves van Regte word vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet.

85 De Waal *et al Bill of Rights* 412.

86 Die Engelse teks van die Grondwet is deur die President onderteken en daarom is die Engelse teks die geldende reg.

87 Du Toit *Testeervryheid* 199. Vir 'n voorbeeld van hierdie toepassing sien *Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH)

Indien die ondersoek ingevolge artikel 8(2) voorskryf dat die betrokke reg wel in die private sfeer van toepassing is moet artikel 8(3) toegepas word. Artikel 8(3) van die Grondwet bepaal soos volg:

> When applying a provision of the Bill of Rights to a natural or juristic person in terms of subsection (2), a court-
> a) in order to give effect to a right in the Bill, must apply, or if necessary develop, the common law to the extent that legislation does not give effect to that right; and
> b) may develop rules of the common law to limit the right, provided that the limitation is in accordance with section 36(1).

Ingevolge artikel 8(3) vind vier stappe plaas indien die Handves op 'n natuurlike persoon van toepassing is.[88] Eerstens moet bepaal word of die betrokke reg in reeds bestaande wetgewing vervat is en, indien wel, moet daar ingevolge sodanige wetgewing aan die reg gevolg gegee word. Tweedens moet bepaal word of die reg ingevolge 'n bestaande gemeenregtelike reël toepassing vind. Indien wel, moet aan die betrokke reg ingevolge sodanige gemeenregtelike reël gevolg gegee word. Indien daar nie ooreenkomstig wetgewing of 'n gemeenregtelike reël aan 'n betrokke reg gevolg gegee kan word nie, moet gemeenregtelike reëls, in die derde plek, ontwikkel word ten einde sodanige toepassing te verseker. Artikel 39(2) ondersteun hierdie uitgangspunte en bepaal dat "'n hof die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte by ontwikkeling van die gemenereg moet bevorder." Die vierde stap behels die beperking van 'n reg (of regte) deur middel van die ontwikkeling van die gemenereg. Dit sal veral toepassing vind by gevalle waar dit handel oor die balansering van mededingende grondwetlike regte. In die geval waar 'n hof bevind dat een reg swaarder as 'n ander weeg, word gemeenregtelike reëls ontwikkel ten einde die "minder swaar" reg te beperk. Hierdie beperking moet egter in ooreenstemming wees met die algemene beperkingsbepaling soos vervat in artikel 36(1) van die Grondwet.[89]

---

88 Cheadle *et al Constitutional Law* 40-41. Vir doeleindes van hierdie skripsie word daar spesifiek met natuurlike persone, synde testateurs, gewerk.

89 Du Toit *Testeervryheid* 201. Sien paragraaf 3.2.2.4 vir 'n bespreking van artikel 36.

Die vraag ontstaan of die Handves van Regte 'n rol speel by erfopvolging en testeervryheid. Beide konsepte vorm deel van die erfreg. Die erfreg "is die geheel van regsreëls wat die oorgang van daardie bates van 'n oorledene wat vir distribusie onder bevoordeeldes vatbaar is, of dié van 'n ander waaroor eersgenoemde beskik het, beheer"[90] en vorm dus deel van die privaatreg, oftewel die private sfeer. Soos aangedui is die Handves van toepassing op die totale reg en dus ook op die erfreg. Dit wil dus voorkom asof 'n verontregde begunstigde in die geval van 'n geloofsklousule kan aanvoer dat sy regte teen onbillike voorwaardes van 'n testateur beskerm behoort te word. Daar is verskeie regte wat by geloofsklousules in gedrang kan kom. Hierdie regte word hierna kortliks bespreek.

### *3.2.2 Relevante grondwetlike bepalings*

Nadat daar tot die gevolgtrekking gekom is dat die Handves wel van toepassing is moet daar vervolgens ondersoek word welke regte by 'n geloofsklousule in gedrang kan kom.

#### 3.2.2.1 *Reg op gelykheid*

Artikel 9 van die Grondwet staan bekend as die gelykheidsklousule en bepaal soos volg:

1) Everyone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law.
2) Equality includes the full and equal enjoyment of all rights and freedoms. To promote the achievement of equality, legislative and other measures designed to protect or advance persons, or categories, of persons, disadvantaged by unfair discrimination may be taken.
3) The state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including rac, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture, language and birth.
4) No person may unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds in terms of subsection (3). National legislation mut be enacted to prevent or prohibit unfair discrimination.
5) Discrimination on one or more of the grounds listed in subsection (3) is unfair unless it is established that the discrimination is fair.

---

90 De Waal en Schoeman *Erfreg* 1.

Na bestudering van die gelykheidsklousule blyk dit op die oog af asof 'n geloofsklousule in 'n testament op die regte van begunstigdes op wie die geloofsklousule van toepassing is, inbreuk maak. Veral subartikels (3) en (4) kom hier ter sprake.

In *Harksen v Lane*[91] is die riglyne vir die toepassing van die reg op gelykheid neergelê. Die toets of daar op onbillike wyse teen iemand gediskrimineer is of nie, word in drie stappe bepaal. In die eerste plek moet daar bepaal word of die gewraakte optrede tussen mense of groepe onderskei.[92] Indien dit wel onderskeid meebring, word die tweede stap toegepas. Hierdie stap handel met die vraag of sodanige onderskeid as onbillike diskriminasie aangemerk kan word. Hierdie vraag behels 'n tweeledige ondersoek. In die eerste plek moet bepaal word of die onderskeid op diskriminasie neerkom. Indien die onderskeid op een of meer van die gronde gelys in subartikel (3) berus, is diskriminasie teenwoordig. Indien die diskriminasie berus op 'n grond wat nie in subartikel (3) gelys is nie, kom die tweede stap ter sprake en indien die diskriminasie 'n persoon of 'n groep se menswaardigheid aantas, is daar onbillike diskriminasie.[93] Indien die diskriminasie onbillik is kom die tweede stap ter sprake en moet vasgestel word of die beperkingsklousule[94] hierdie inbreukmaking regverdig.[95]

Indien hierdie beginsels op geloofsklousules toegepas word, kan die volgende argumentasielyn gevolg word. Die sogenaamde geloofsklousule in testamente onderskei tussen Jode en nie-Jode. 'n Geloofsklousule tref dus 'n onderskeid op een van die gronde vervat in subartikel 3, naamlik

---

91 *Harksen v Lane* 1998 1 SA 300 (KH).

92 1998 1 SA 300 (KH) 318J-319C en Jansen van Rensburg en Stander 1998 *TSAR* 337.

93 1998 1 SA 300 (KH) 324G-325E en Jansen van Rensburg en Stander 1998 *TSAR* 337.

94 Ingevolge artikel 36 van die Grondwet.

95 1998 1 SA 300 (KH) 325G asook Jansen van Rensburg en Stander 1998 *TSAR* 337.

godsdiens. Die diskriminasie is daarin geleë dat 'n begunstigde sy erflating verloor indien hy met 'n persoon trou wat nie van die Joodse geloof is nie of indien hy van sy Joodse geloof afstand doen. Die diskriminasie is tweeledig. In die eerste plek diskrimineer dit tussen Joodse begunstigdes en nie-Joodse begunstigdes. In die tweede plek diskrimineer dit tussen Joodse en nie-Joodse gades van Joodse testateurs. Sodanige diskriminasie is onbillik ingevolge artikel 9(3), aangesien dit op een van die gronde, naamlik godsdiens berus.[96]

Die volgende stap is om te bepaal of geloofsklousules 'n redelike en regverdige beperking ingevolge artikel 36 is.[97]

### 3.2.2.2 *Reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening*

Aritkel 15 (1) van die Grondwet verskans die reg op godsdiensvryheid en verwante vryhede in die volgende woorde:

> Everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion.

Godsdiensvryheid word ook in artikel 30 en 31 van die Grondwet verskans en bepaal onderskeidelik soos volg:

> Everyone has the right to use the language and to participate in the cultural life of their choice, but no on exercising these rights may do so in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights.
>
> 31(1) Persons belonging to a cultural, religious or linguistic community may not be denied the right, with other members of that community –
> a) to enjoy their, cultural, practice their religion and use their language; and
> b) to form, join and maintain cultural, religious and linguistic associations and other organs of civil society.
>
> (2) The rights in subsection (1) may not b exercised in a manner Inconsisitent with any provision of the Bill of Rights.

---

96 Vir 'n bespreking van die reg op vryheid van godsdiens sien paragraaf 3.2.2.2 hierna. Daar kan moontlik ook geredeneer word dat die diskriminasie op huwelikstatus berus.

97 Vir 'n bespreking van die regverdiging in terme van artikel 36 sien paragraaf 3.2.2.4 hierna.

Die interpretasie van artikel 15(1) het al in die regspraak ter sprake gekom. In *S v Lawrence*; *S v Negal* en *S v Solberg*[98] is drie van die werknemers van die *Seven Eleven*-kettingwinkelgroep in afsonderlike sake skuldig bevind aan die oortreding van artikel 90(1)[99] van die *Drankwet*.[100] Al drie die werknemers het op Sondae wyn verkoop. In die Konstitusionele Hof het Solberg beslis dat artikel 90(1) ongrondwetlik is omdat die verbod op wynverkope op 'n Sondag inbreuk maak op die reg op godsdiensvryheid van diegene wat geen godsdienstige of soortgelyke beswaar teen sodanige verkope het nie.[101]

Hierdie saak het mettertyd bekend geword as die *Seven Eleven*-saak. Dit was ook die eerste saak waarin die Konstitusionele Hof regstreeks met die kwessie rondom vryheid van godsdiens gekonfronteer is. Hierdie saak word egter bestempel as 'n "ongelukkige eerste".[102] In die eerste plek was daar nie 'n volledige oorkonde van die verrigtinge in die hof van eerste instansie voor die Konstitusionele Hof nie, want die appellante het nie die korrekte appèlprosedure gevolg nie. In die tweede plek het die saak nie oorwegend oor die konstitusionele beskerming van die reg op godsdiensvryheid gehandel nie. Laastens was geen godsdiensgemeenskap regstreeks of onregstreeks by die gedingvoering in die *Seven Eleven*-saak betrokke nie. Die Konstitusionele Hof het dus nie die voordeel gehad van die siening van godsdiensgroepe of-

---

98 *S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg* 1997 10 BCLR 1348 (KH). Hierin later die *Seven Eleven*-saak genoem.

99 Artikel 90(1) lui soos volg: "Die houer van 'n kruideniers-wynlisensie kan, ondanks enige andersluidende wet-

a) sy of haar drank op enige dag, uitgesonderd 'n geslote dag en Saterdag, verkoop of aflewer tussen 08:00 en 20:00;
b) sy of haar drank op enige Saterdag, uitgesonderd 'n geslote dag, verkoop of aflewer tussen 08:00 en 17:00."

100 27 van 1989.

101 Vir 'n bespreking van die feite van die saak sien Du Plessis "Grondwetlike beskerming" 214-229.

102 Du Plessis "Grondwetlike beskerming" 222.

gemeenskappe oor die kwessies waaroor die uitspraak gegee moes word nie.[103]

Die *Seven Eleven*-saak is deur nege regters van die Konstitusionele Hof aangehoor. Ses van hulle het saamgestem dat die appèl van die hand gewys moet word, maar hulle was vier teen twee verdeel oor die redes waarom dit van die hand gewys moet word. Die oorblywende drie regters was egter van mening dat die appèl moes slaag. Hulle regsargumente was baie dieselfde as die van die minderheid van twee regters in die eersgenoemde groep van ses regters. In effek was die hof dus vier teen vyf verdeel.

Die minderheidsuitspraak by monde van die president van die hof, Arthur Chackalson, het bevind dat die reg op godsdiensvryheid essensieel is tot godsdiensaanhangers se aanspraak om nie in die vrye beoefening van hulle godsdiens gestuit te word nie. Die minderheidsuitspraak bevind verder dat die gelykheidskwessie nie hier ter sprake is nie, want die appellant het slegs op die klousule rakende godsdiensvryheid in die 1993 Grondwet gesteun om die verbod op wynverkope op Sondae teen te staan. In die stukke voor die hof toon die appellant geen verwysing na die tersaaklike gelykheidsregte nie. Om hierdie rede bevind die minderheidsuitspraak dat die hof nie oor die gelyke en onpartydige handeling van godsdiensgroepe of hulle aanhangers hoef te beslis nie.[104]

Volgens die meerderheidsuitspraak kom die gelykheidsoorwegings in elk geval ter sprake waar dit handel oor die moontlike inbreukmaking van die reg op godsdiensvryhied. Artikel 90(1) van die *Drankwet* maak dus eerder

---

103 Du Plessis "Grondwetlike beskerming" 222.

104 *S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg* 1997 10 BCLR 1348 (KH) paragraaf 92. Venter 2005 HYPERLINK http://law.sun.ac.za/publawconf/papers/FVenter/Religious_Freedom.pdf 8-10 September.

inbreuk op godsdiensregte as op vryheidsregte, maar handel tog oor die gelyke en onpartydige behandeling van verskillende godsdiensgroepe of hulle aanhangers. By monde van Sachs R en Mokgoro R is hierdie inbreukmaking gering genoeg om deur die algemene beperkingsklousule (vervat in artikel 33 van die 1993 Grondwet) geregverdig te word. Dus voer die meerderheid van regters aan dat artikel 90(1) van die *Drankwet* nie ongrondwetlik is nie.[105]

In *Christian Education South Africa v Minister of Education*[106] was die doel van die aansoek wat deur die Christian Education South Africa[107] voor die hof gebring is om artikel 10[108] van die Suid-Afrikaanse *Skolewet*[109] ongeldig en ongrondwetlik te verklaar omdat dit 'n inbreukmaking op hulle reg van godsdiensvryheid plaas. Hierdie artikel verbied lyfstraf in alle skole (staatskole en onafhanklike skole). Volgens die Christelike oortuiging van 'n organisasie van besorgde Christenouers is lyfstraf 'n kernaspek van die Christelike geloof wat ingevolge Bybelse bepalings 'n verpligting op ouers plaas om hulle kinders op te voed en te tugtig.[110] 'n Verbod op lyfstraf in Christenskole skend die lede van die organisasie se grondwetlike verskanste reg op godsdiensvryheid. Die Minister van Onderwys beweer egter dat dit nie die beperking nie, maar eerder die toepassing van lyfstraf is wat die reg op gelykheid en die reg op menswaardigheid skend. Die hof bevestig dat godsdiensvryheid, soos vervat in artikel 15 van die Grondwet en die reg op die uitoefening van daardie godsdiens soos vervat in artikel

---

105 *S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg* 1997 10 BCLR 1348 (KH) paragraaf 165-179.

106 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 10 BCLR 1051 (KH).

107 Dit is 'n organisasie bestaande uit 'n groep besorgde Christenouers.

108 Artikel 10 lui soos volg:

"(1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leeerder toedien nie.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word".

109 84 van 1996.

110 *Christian Education South Africa v Minister of Education of the Government of the RSA* 1999 9 BCLR 951 (SO) 958E en Venter 2005 HYPERLINK http://law.sun.ac.za/publawconf/papers/FVenter/Religious_Freedom.pdf 8-10 September.

31 van die Grondwet, in 'n mate met mekaar verbind is.[111] Alhoewel artikel 15(1) individuele regte beskerm kan dit nie losstaan van die bepalings van artikel 31(2) nie. Die hof verduidelik soos volg:[112]

> Section 31(2) ensures that the concept of rights of members of communities that associate on the basis of language, culture and religion, cannot be used to shield practices which offend the Bill of Rights. These explicit qualifications may be seen as serving a double purpose. The first is to prevent protected associational rights of members of communities from being used to 'privatise' constitutionally offensive group practices and thereby immunize them from external legislative regulation or judicial control. This would be particularly important in relation to practices previously associated with the abuse of the notion of pluralism to achieve exclusivity, privilege and domination.
> The second relates to oppressive features of internal relationships primarily within the communities concerned, where section 8, which regulates the horizontal application of the Bill of Rights, might be specialy relevant. This is clearly an area where interpretation should be prudently undertaken so that appropriate constitutional analysis can be developed over time in the light of the multitude of different situations that will arise.

Indien artikel 10 van die *Suid-Afrikaanse Skolewet* gemeet word aan die standaarde van die algemene beperkingsklousule[113] is dit duidelik dat hierdie artikel 'n aanvaarbare beperking op ouers plaas om in die beoefening van hulle godsdiens onderwysers en skole volmag te gee om hul kinders, in gepaste omstandighede, lyfstraf toe tedien. Die kwessie van lyfstraf in skole vorm deel van 'n meer omvattende vraagstuk, naamlik in hoe 'n mate die beoefening van godsdiensvryheid in groepsverband toegelaat kan word om beperkings op grondwetlike verskanste regte te plaas?[114]

Sachs R voer aan dat die *uitleef* van geloofsoortuigings 'n tipe groepsaktiwiteit is wat aan almal binne die groep gelyke en onpartydige

111 Du Plessis *State, democracy, the discrepancy between 'majority' and minority and issues pertaining to a multi-religious South Africa* (Research Document drafted for the South African Human Rights Commission) March 2005.

112 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 10 BCLR 1051 (KH) paragraaf 50-52. Pienaar 2003 *THRHR* 586-588.

113 Vervat in artikel 36 van die *Grondwet*. Sien paragraaf 3.2.2.4 hierna.

114 Du Plessis "Grondwetlike beskerming" 224.

behandeling verleen. Hy dui aan dat niemand die belange van die betrokke kinders voor die hof verteenwoordig het nie:[115]

> Although both the state and the parents were in a position to speak on their behalf, neither was able to speak in their name.

Hy gaan verder deur te sê dat daar 'n kurator *ad litem* aangestel moes word om namens die kinders op te tree. Hierdeur sal daar dus voorspraak gemaak word vir die belange van 'n kwesbare groep binne die godsdienstige groepsverband.[116]

Tot op datum was die *Prince*-saak[117] die mees omstrede saak rakende die grondwetlike reg op godsdiensvryheid. In hierdie saak het dit gegaan oor die professionele toekoms van Gareth Prince, 'n Rastafariër en gereelde gebruiker van cannabis sativa (in die Suid-Afrikaanse volksmond staan dit bekend as dagga). Prince voer aan dat hy hierdie middel as deel van 'n integrerende deel van sy godsdiensbeoefening gebruik. Prince het, nadat hy sy regstudie suksesvol voltooi het, by die Kaapse Wetsgenootskap aansoek gedoen om as 'n kandidaatprokureur geregistreer te word. In terme van die bepalings van die wetsgenootskap is sy aansoek van die hand gewys. Prince se twee vorige veroordelings vir die onwettige besit van dagga het veroorsaak dat hy nie 'n geskikte persoon was om as 'n kandidaatprokureur op te tree nie.[118] Prince het die wetsgenootskap se beslissing in die Kaapse Hoë Hof[119] aangeveg, maar hierdie hof het die wetsgenootskap se besluit bekragtig. Die rede vir die hof se besluit was hoofsaaklik omdat die wetlike verbod op die besit en gebruik van dagga ten behoewe van openbare veiligheid, orde, gesondheid en sedes ingestel is en

115 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 10 BCLR 1051 (KH) paragraaf 53.

116 Du Plessis "Grondwetlike beskerming" 224.

117 *Prince v President, Cape Law Society* 2002 2 SA 794 (KH).

118 Die verbod op die besit van dagga word vervat in die *Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary* 140 van 1992. *Prince v President, Cape Law Society* 2000 3 SA 845 (HA) 852B. Du Plessis "Grondwetlike Beskerming" 225.

119 *Prince v President of the Law Society, of Cape of Good Hope* 1998 8 BCLR 976 (K).

dat dit swaarder weeg as Rastafariërs se reg om dagga vir doeleindes van hul godsdiensbeoefening te gebruik.

Prince appelleer na die Appèlhof, waar sy appèl ook van die hand gewys word.[120] Die Appèlhof het skynbaar, as gevolg van die moontlikheid dat 'n gevaarlike daggaroker die geledere van die regslui kan binnedring, min aandag gegee aan wat die reg op die vrye beoefening van godsdiens deur Rastafariërs of die aanhangers van enige ander godsdiens behels, die gemelde reg beperk sonder om eens te probeer om die reikwydte daarvan te bepaal. Die Appèlhof kyk verby die feit dat Prince deel is van 'n gemeenskap van godsdiensaanhangers wat sekere geloofsoortuigings oor die gebruik van dagga deel en wat 'n godsdienstige praktyk beoefen wat hulle, as kwesbare minderheid, blootstel aan die vooroordele van 'n meerderheid wat daggarokery gewoonweg verdoem.[121]

Prince wend hom na die Konstitusionele Hof op grond van die feit dat daar op sy reg op godsdiensvryheid inbreuk gemaak is. Na die aanhoor van die partye se betoë in die Konstitusionele Hof se tussentydse uitspraak[122] is tot die gevolgtrekking gekom dat nòg die appellant nòg die respondent in die verrigtinge in die Kaapse Hoë Hof genoeg getuienis aangebied het op grond waarvan die Konstitusionele Hof 'n uitspraak oor hierdie omstrede kwessie kon gee. Die Konstitusionele Hof verwag van die appellant om presies aan te toon in hoe 'n mate en in watter omstandighede Rastafariërs dagga gebruik as deel van godsdiensbeoefening. Die respondent moet getuienis aanbied ter verheldering van die praktiese probleme wat hulle meen kan ontstaan indien Rastafariërs toegelaat sou word om dagga te gebruik. Die feit dat beide kante die geleentheid gegun is om getuienis te bekom en aan te bied is ongewoon vir 'n finale hof van appèl. Normaalweg

---

120 *Prince v President, Cape Law Society* 2000 3 SA 845 (HA).

121 *Prince v President, Cape Law Society* 2000 3 SA 845 (HA) 845H-855Den 855I-856C.

122 *Prince v President, Cape Law Society* 2001 2 BCLR 133 (KH).

word daar van gedingspartye verwag om alle tersaaklike getuienis aan te bied in die stadium wat die saak voor die eerste hof van instansie verskyn het. Die Konstitusioneel Hof bevind dat hier genoegsame rede is om die uitsondering te maak dat die partye die geleentheid gegun word om bykomende getuienis te lewer. Die besluit van die Kostitusionele Hof is gebaseer op die feit dat die hof nie begrip vir die appellant se dilemma het nie en ook nie begrip het van die kwesbare posisie van Rastafariërs as 'n godsdienstige minderheidsgroep nie. Na oorweging van die getuienis beslis die Konstitusionele Hof by monde van Ngcobo R soos volg:[123]

> The constitutional right to practice one's religion asserted by the appellant here is of fundamental importance in an open and democratic society. It is one of the hallmarks of a free society...
>
> The appellant belongs to a minority group. The constitutional right asserted by the appellant goes beyond his own interest – it affects the Rastafari community. The Rastafari community is not a powerful one. It is a vulnerable group. It deserves the protection of the law precisely because it is a vulnerable minority. The very fact that Rastafari use cannabis exposes them to social stigmatisation. They are perceived as associated with drug abuse and their community is perceived as providing a heaven for drug abusers and gangsters. During argument it was submitted on behalf of the A-G that if a religious exemption in favour of the Rastafari were to be allowed this would lead to an influx of gangsters and other drug abusers into their community. The assumption which this submission makes demonstrates the vulnerability of this group. Our Constitution recognises that minority groups may hold their own religious views and enjoys us to tolerate and protect such views. However, the right to freedom of religion is not absolute. While members of a religious community may not, the state should, where it is reasonably possible, seek to avoid putting the believers to a choice between their faith and respect for the law.

Die hof erken dus die reg van 'n persoon om godsdiens na vrye keuse te beoefen, maar beklemtoon dat hierdie reg nie absoluut is nie.[124] Die vryheid van godsdiensvryheid en die uitoefening daarvan soos onderskeidelik in artikels 15 en 31 van die Grondwet vervat is, is in die die eerste plek gebonde aan die beperking soos neergelê in artikel 31(2) en in die tweede plek aan die bepalings van artikel 36 van die Grondwet. In die proporsionele analise wat deur artikel 36 van die Grondwet vereis word, het

---

123 *Prince v President, Cape Law Society* 2001 2 BCLR 133 (KH) paragraaf 24-26.

124 *Prince v President Cape Law Society* 2002 2 SA 794 (KH) 816C-D. Pienaar 2003 *THRHR* 588-589.

die meerderheid van die hof die siening verwerp dat die uitoefening van geloof absoluut geld. Daar is beslis dat die staat se belang in die beperking van die gebruik van skadelike dwelms in die belang van die gemeenskap is en dat daar internasionale verpligtinge is om dwelmmisbruik te voorkom en dat hierdie verpligtinge swaarder weeg as die vryheid van 'n Rastafariër om dagga te gebruik as uitoefening van sy geloof.[125]

Die grondwetlike waarborg ten opsigte van godsdiensvryheid beskerm die draers van hierdie regte nie net teen staatsinmenging (vertikale verhouding) nie, maar ook teen die inbreukmaking op sodanige reg deur privaat individue en organisasies (horisontale verhouding).[126] Alhoewel die beslissings hierbo hoofsaaklik betrekking het op die verhouding tusssen die staat en die individue, kan soortgelyke argumente ten opsigte van geloofsklousules in testamente wat in die privaatsfeer voorkom geopper word. Verskeie voorbeelde van godsdienstige onverdraagsaamheid in private interaksies maak dit belangrik dat die grondwetlike waarborg van godsdiensvryheid ook in privaatverhoudings toegepas moet word.[127] Die staat is nie die enigste skender of potensiële skender van godsdienstige vryhede nie. Die plig wat deur die reg in die geval van godsdiensvryheid opgelê word sluit nie net die aanvaarding van verskillende geloofsoortuigings in nie, maar behels ook die verdraging van daardie geloofsoortuigings en die onskendbaarheid van daardie geloofsoortuigings en godsdienstige toewyding. Hierdie plig behoort op die staat sowel as privaat individue te rus.[128]

---

125 Pienaar *THRHR* 588-589. Sien ook Venter 2005 HYPERLINK http://law.sun.ac.za/publawconf/papers/FVenter/Religious_Freedom.pdf 8-10 September.

126 Sien artikel 8(2) van die Grondwet.

127 Byvoorbeeld waar dit deel van die geloof van een nasie is om feesvieringe te hou gedurende die afsterwe van 'n familielid, wat normaalweg by 'n familielid se huis plaasvind, moet die bure van laasgenoemde familielid dit aanvaar. 'n Verdere voorbeeld is dat die gasvrou by 'n sosiale aangeleentheid nie beledig moet voel indien 'n Jood nie varkvleis eet nie.

128 Van der Schyff *Freedom of Religion* 164-165.

Persone wat daarvan beskuldig word dat hulle inbreuk op die godsdiensvryheid van 'n ander persoon gemaak het, kan as regverdiging aanvoer dat hulle self 'n grondwetlike reg beoefen het. Daar kan byvoorbeeld aangevoer word dat die kerk inbreuk maak op die godsdiensvryheid van sekere vroulike lidmate deurdat hulle ingevolge die kerklike ordinansie nie tot predikante in daardie spesifieke kerk beroep mag word nie. Ter verdediging kan die kerk aanvoer dat hulle slegs hulle reg om hulle eie aangeleenthede en leerstellings te beoefen, uitgeoefen het. Hierdie reg sluit die keuse om sekere persone of groepe van sekere posisies in die kerk uit te sluit, in.[129]

So kan 'n begunstigde wat 'n geloofsklousule in 'n testament aanveg, aanvoer dat die geloofsklousule inbreuk maak op sy godsdiensvryheid terwyl die testateur kan aanvoer dat hy geregtig is om sy eiendom te gebruik tot uitbreiding van 'n spesifieke geloof.

### 3.2.2.3 *Reg op menswaardigheid*

Die reg op menswaardigheid word vervat in artikel 10 van die Grondwet en bepaal soos volg:

> Everyone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected.

Ingevolge artikel 1 van die Grondwet figureer die reg op menswaardigheid as een van die Republiek se stigtingswaardes.[130] Hierdie lys is lank wat meebring dat die vraag na vore mag kom of sommige van daardie regte vervat in artikel 1 voorrang geniet bo ander regte. Die vraag of daar in

---

129 Van der Schyff *Freedom of Religion* 165.

130 "The Republic of South Africa is one, sovereign, democratic state founded on the following values:

a) Human dignity, the achievement of equality and the advancement of human rights and freedoms.
b) Non-racialism and non-sexism.
c) Supremacy of the constitutionand the rule of law.
d) Universal adult suffrage, a national common voters roll, regular elections and a multi-party system of democratic governet, to ensure accountability, responsiveness and openness.

hierdie lys van waardes sekere kernwaardes is, moet aan die hand van die manier waarmee dit met die res van die waardes in die Grondwet omgaan, ondersoek word. Die riglyn in hierdie verband is artikel 7(1) wat bepaal dat die Handves van Regte as 'n hoeksteen van die demokrasie die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bevestig.[131]

Na ontleding van die teks is dit duidelik dat slegs sekere begrippe wat in artikel 1(a)-(c) verskans word, regstreeks as waardes geëien kan word. Hierdie waardes is menswaardigheid, nie-rassigheid, nie-seksisme, die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die reg. Die ander waardes vermeld in paragraaf (a) dien egter vir die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.[132]

Uit die hele artikel 1 word slegs menswaardigheid as ongekwalifiseerde grondwetlike waarde gekenmerk. Die bewoording van artikel 10 deur gebruik te maak van die frase "dat elkeen 'n ingebore waardigheid het", beklemtoon die feit dat dit die mees fundamentele waarde is. Dus is elkeen van die ander grondwetlike waardes herleibaar na menswaardigheid.[133]

Soos reeds aangedui is maak 'n geloofsklousule inbreuk op 'n begunstigde se reg op gelykheid en godsdiensvryheid.[134] As bogenoemde bespreking aangaande die reg op menswaardigheid toegepas word, kan die reg op gelykheid herlei word na die reg op menswaardigheid. Die gevolg hiervan is dat 'n inbreukmaking op 'n begunstigde se reg op gelykheid inderdaad 'n

---

131 "This Bill of Rights is a cornerstone of democracy in South Africa. In enshrines the rigts of all people in our country and affirms the democratic values of human dignity, equality and freedom."

132 Venter 2001 HYPERLINK http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/fakulteite/regte/per/issues/01v1 fran.pdf.

133 Venter 2001 HYPERLINK http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/fakulteite/regte/per/issues/01v1 fran.pdf.

134 Sien paragraaf 3.2.2.1 en 3.2.2.2 hierbo.

aantasting van sodanige begunstigde se menswaardigheid is. 'n Geloofsklousule maak dus inbreuk op 'n begunstigde se reg op menswaardigheid deur hom te verbied om met sekere persone te trou of om 'n bepaalde geloof aan te neem.

*3.2.2.4 Algemene beperkingsklousule*

3.2.2.4.1 Algemeen

Artikel 36 van die Grondwet bepaal die volgende:

> The rights in the Bill of Rights may be limited in terms of law of general application to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom, taking into account all relevant factors, including –
> a) the nature of the right;
> b) the importance of the purpose of the limitation;
> c) the nature and extent of the limitation;
> d) the relation between the limitation and its purpose; and
> e) less restrictive means to achieve the purpose.

Artikel 36 beklemtoon die feit dat geen reg absoluut is nie. Daar moet eerstens bepaal word of daar werklik op 'n grondwetlike reg inbreuk gemaak is. Die party wat sodanige inbreukmaking beweer sal in die eerste plek moet aantoon dat die grondwetlike beskerming wat deur hom versoek word inderdaad deur die betrokke reg verleen word. Tweedens sal die party moet bewys dat daar wel op 'n grondwetlike reg inbreuk gemaak is. Die party wat vir die inbreukmaking verantwoordelik is moet aantoon dat sodanige inbreukmaking regverdig is. Hierdie regverdiging geskied langs die weg van die riglyne soos wat dit in die beperkingsbepaling opgeneem is. Die party wat op artikel 36 steun moet bewys dat die beperking (van 'n reg of regte) in die betrokke geval redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid, menswaardigheid en gelykheid is.[135]

---

135 De Waal *et al* *Bill of Rights* 144-147. Die aanwending van die faktore om te bepaal of 'n beperking redelik is, soos vervat in artikel 36 van die Grondwet is vir die eerste keer deur die hof in *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) toegepas.

Soos hierbo aangedui, wil dit voorkom of 'n geloofsklousule in die lig van die Handves op verskeie regte van begunstigdes[136] inbreuk maak. Hierdie inbreukmaking sal redelik en regverdigbaar wees indien die beperkingsklousule (artikel 36) toepassing vind. Ten einde te bepaal wat redelik en regverdigbaar sal wees moet alle tersaaklike faktore soos vermeld in artikel 36 van die Grondwet[137] in ag geneem word. Hierdie faktore word gebruik om aan te dui of daar 'n aanvaarbare balans tussen die beperking wat op 'n reg geplaas is en die doel van daardie beperking bestaan. Hierdie metode behels eenvoudig die proporsionaliteitstoets wat reeds deur die howe ontwikkel is.[138] Met ander woorde, op die oog af blyk dit of 'n geloofsklousule in 'n testament die regte van 'n begunstigde beperk. Sodanige beperking sal egter toelaatbaar wees indien dit as redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid aangemerk kan word.

Volgende gaan daar na die faktore vervat in artikel 36 van die Grondwet verwys word ten einde te bepaal of die sogenaamde geloofsklousule 'n redelike en regverdigbare beperking op die reg op godsdiensvryheid plaas.

3.2.2.4.2 Relevante faktore

Soos reeds aangedui,[139]sal 'n geloofsklousule 'n toelaatbare beperking op die regte van 'n begunsitgde wees indien dit redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid is.

Ten einde te bepaal wat redelik en regverdigbaar sal wees moet 'n hof verskeie faktore in aanmerking neem, naamlik:

---

136 Sien paragraaf 3.2.2.1 – 3.2.2.3 hierbo.

137 Sien artikel 36(a) – (e).

138 Malherbe 1998 *TSAR* 691-692. Sien *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) vir 'n voorbeeld waar die howe die proporsionaliteitstoets toegepas het.

139 Sien paragraaf 3.2.2.4.1 hierbo.

a) **Aard van die reg:** Die eerste faktor wat by die bepaling of die beperkings wat geloofsklousules in testamente op begunstigdes se regte plaas, in aanmerking geneem moet word, is die aard van die reg.[140] Die belangrikheid van godsdiensvryheid in Suid-Afrika as 'n oop en demokratiese samelewing word vervat in die woorde van Sachs R:

> There can be no doubt that the right to freedom of religion, belief and opinion in the open and democratic society contemplated by the Constitution is important. The right to believe or not to believe, and to act or not to act according to his or her beliefs or non-beliefs, is one of the important ingredients of any person's dignity. Yet freedom of religion goes beyond protecting the inviolability of the individual conscience. For many believers, their relationship with God or creation is central to all their activities. It concerns their capacity to relate in an intensely meaningful fashion to their sense of themselves, their community and their universe. For millions in all walks of life, religion provides support and nurture and a framework for individual stability and growth. Religious belief has the capacity to awake concepts of self-worth and human dignity which form the cornerstone of human rights. It affects the believer's view of society and founds the distinction between right and wrong. It expresses itself in the affirmation and continuity of powerful traditions that frequently have an ancient character transcending epochs and national boundaries.[141]

Dit is duidelik dat Sachs geloofsvryheid kwalifiseer aan die hand van menswaardigheid. As sodanig beskou hy geloofsvryheid nie as 'n selfstandige reg nie, maar wel as 'n bestanddeel van menswaardigheid. Dieselfde argument is ook al geopper ten opsigte van die ander regte in die Handves vervat. Indien inbreukmaking op enige regte in die Handves die menswaardigheid van 'n individu skend, is dit nie redelik en regverdigbaar nie.[142] 'n Beperking op godsdiensvryheid kan egter 'n inbreuk maak op menswaardigheid. Om hierdie rede sal

---

140 Sien artikel 36(a).

141 *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 10 BCLR 1051 (KH) paragraaf 36. Van der Schyff *Freedom of Religion* 175.

142 Die reg op lewe (vergelyk *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH)), vryheid van uitdrukking (vergelyk *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W)), reg op gelykheid (vergelyk *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Home Affairs* 1999 3 BCLR 280 (K) en diskriminasie (vergelyk *Prinsloo v Van der Linde* 1997 6 BCLR 759).

verdere regverdiging vir die inbreukmaking op godsdiensvryheid vereis word.[143]

Daar moet aandag geskend word aan die algemene belangrikheid van godsdiensvryheid in ooreenstemming met die belangrikheid daarvan in 'n spesifieke situasie. Byvoorbeeld, die reg om 'n pelgrimstog te ondergaan is 'n belangrike reg, nie net omdat dit deel vorm van die breër waarborg van godsdiensvryheid nie, maar omdat 'n pelgrimstog 'n belangrike funksie in die lewe van baie gelowige aanhangers vervul. Die reg om 'n pelgrimstog te ondergaan vervul 'n belangriker funksie in die lewens van diegene wat deur hul geloof verplig word om só 'n tog te ondergaan as in die lewens van diegene wat aangemoedig word om 'n pelgrimstog te ondergaan.[144]

'n Geloofsklousule beïnvloed 'n begunstigde se keuse aan watter geloof hy wil behoort. Elkeen het 'n ingebore waardigheid en geloof is eie aan elke persoon. 'n Geloofsklousule maak dus inbreuk op 'n begunstigde se waardigheid deur aan hom voor te sê aan watter geloof hy moet behoort. 'n Geloofsklousule kan aan die ander kant ook inbreuk maak op die menswaardigheid van nie-Jode deur hulle te ontneem van 'n voordeel wat hulle andersins sou toegekom het indien hulle wel Jode was. 'n Geloofsklousule maak dus ook inbreuk op die reg op gelykheid deur Jode en nie-Jode op verskillende wyses te behandel. Gesien in die lig van die belangrikheid van menswaardigheid en gelykheid in die Grondwet[145] behoort 'n geloofsklousule dus geen gewig te dra nie.

---

143 Van der Schyff *Freedom of Religion* 176.
144 Van der Schyff *Freedom of Religion* 176-177.
145 Sien *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) paragraaf 142-143.

b) **Belangrikheid van die doel van die beperking:** Die tweede faktor by die bepaling of 'n geloofsklousule 'n redelike en regverdige beperking op 'n begunstigde se reg op gelykheid, geloof en menswaardigheid is, is die belangrikheid van die doel van die beperking.[146] Die doel van die beperking moet verband hou met die oogmerk van 'n oop en demokratiese samelewing.[147] Om hierdie rede sal 'n openbare en geoorloofde doel soos openbare veiligheid, gesondheid, orde en die goeie sedes, asook die mate waarin 'n ander se regte deur die uitoefening van die reg geraak word, ter sprake wees wanneer die reg op godsdiensvryheid beperk word.[148]

In *Aronson v Estate Hart* het Greenberg AR gefokus op sosiale oorwegings ter regverding vir sy standpunt. Sy standpunt was dat 'n geloofsklousule nie *contra bonos mores* of nietig is nie. Hy is van mening dat 'n huwelik tussen 'n Jood en 'n nie-Jood tot spanning en onversoenbare geskille tussen gades kan lei. Hy is ook van mening dat die kinders wat uit sodanige huwelik gebore word, die slagoffers van sodanige gesinsprobleme word. Greenberg AR beslis uiteindelik soos volg: "I know of no principle in law which would make it contrary to public policy for him (the testator) to attempt according to his rights to safeguard his descendants against these perils".[149]

Die doel van 'n geloofsklousule is egter om 'n bepaalde geloof uit te brei of in stand te hou. Die sosiale oorwegings, soos deur Greenberg AR aangemerk is, behoort nie meer in die moderne Suid-Afrikaanse reg te geld nie. 'n Geloofsklousule het in effek die doel om 'n huwelik tussen 'n Jood en 'n nie-Jood te voorkom. 'n Geloofsklousule sal nie noodwendig aan hierdie doel voldoen nie. Dit sal eerder op 'n

146 Sien artikel 36(b).
147 Artikel 36 van die Grondwet.
148 Malherbe 1998 *TSAR* 693.
149 *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 546.

indirekte wyse aan 'n testateur die bevoegdheid om die lewens van sy begunstigdes vanuit sy graf te beheer, verleen. Daar sal slegs regverdiging aan 'n beperking verleen word indien sodanige beperking ten doel het om van belang vir 'n demokratiese samelewing te wees.[150] 'n Geloofsklousule het geen belang vir 'n demokratiese samelewing nie, omdat 'n demokratiese samelewing gebaseer is op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Soos reeds aangetoon is maak 'n geloofsklousule inbreuk op 'n begunstigde se reg op menswaardigheid en gelykheid.[151]

c) **Aard en omvang van die beperking:** *Die derde faktor het ten doel* om die hof by te staan in dit wat die beperking behels en hoe die beperking die betrokke reg affekteer. Daar moet bepaal word of die beperking die reg op 'n ernstige of 'n minder inbreukmakende wyse beperk. Die toets is 'n belangrike komponent van die proporsionaliteitstoets omdat proporsionaliteit beteken dat die inbreukmaking van regte nie ernstiger mag wees as die doel wat deur die beperking bereik wil word nie. Om te bepaal of die beperking meer skade aan die reg doen as wat redelik is om die doel *te bereik, moet eerstens bepaal word hoe uitgebreid die beperking* is.[152]

Dit is belangrik om die mate waarin die reg beperk word vas te stel ten einde die verband tussen die beperking en die doel daarvan te bepaal om sodoende vas te stel of 'n minder beperkende wyse gevolg kan word. In hierdie geval handel dit egter oor 'n kwessie van graad: hoe meer ingrypend die beperking, hoe meer oortuigend moet die doel daarvan wees.[153]

---

150 De Waal *et al Bill of Rights* 157.
151 Sien paragraaf 3.2.2.3 hierbo.
152 De Waal *et al Bill of Rights* 160.
153 Malherbe 1998 *TSAR* 694.

Sachs J het die volgende waargeneem met inagneming van die 1993 Grondwet:[154]

> Although the s 14 right is in general a weighty one, not each and every breach carries the same weight. A trival breach of a specially protected right might be easier to justify in terms of s 33 than a grievous infringement of an `ordinary' right. The intensity or severity of the breach must accordingly be a highly relevant factor in any proportionality exercise; the more grieves the invasion of the right, the more compelling must be its justification. Conversely, the lighter the transgression, the less stringent the requirements of justification. Thus I have doubt that any State action which interfered directly with or compelled a particular form of religious observance would rarely pass the test of reasonableness and necessity, if at all, and then only if the most compelling justificatory circumstances were established. Indeed, there is a core to the individual consciences so intrinsic to the dignity of the human personality that it is difficult to imagine any factors whatsoever that could justify its being penetrated by the State. At the other extreme, there are transgressions of s 14 so marginal in themselves, or so slight in relation to manifestly legitimate objectives with which they are inextricably interlinked, that the burden of persuasion on the facts imposed by s 33 would be far easier to discharge.[155]

Die aard en omvang van 'n geloofsklousule kan nie anders as "grievous" aangemerk word nie. 'n Geloofsklousule beperk soveel regte in die Handves[156] dat dit onmoontlik is om te regverdig dat dit kan bydra tot die bevordering van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

d) **Verband tussen die beperking en die doel daarvan:** Om 'n beperking van 'n reg te regverdig moet die beperking redelik en regverdigbaar wees. Dit beteken eenvoudig dat daar 'n goeie rede vir die beperking moet bestaan. Verder beteken dit ook dat daar 'n verband tussen die beperking en die doel van die beperking moet wees.[157] Hierdie faktor behels dat twee vrae beantwoord moet word.

---

154 Die interpretasie van die howe met betrekking tot die 1993 Grondwet is ook relevant wanneer bepalings van die nuwe Grondwet geïnterpreteer moet word.

155 *S v Lawrence* 1997 10 BCLR 1348 (KH) paragraaf 168.

156 Sien paragraaf 3.2.2.1 – 3.2.2.3 hierbo.

157 De Waal *et al Bill of Rights* 160-161.

In die eerste plek is die vraag of die beperking die doel van die beperking hoegenaamd bevorder en ten tweede is die vraag hoe effektief die beperking daarin slaag om die doel van die beperking te bevorder of te verwesenlik.[158] Beperkings wat nie volkome in staat is om die oogmerke van die doel van die beperking te bevorder nie sal nie redelik en regverdigbaar wees nie, omdat die beperking nie effek aan die beperkte reg sal verleen nie.[159]

'n Geloofsklousule verleen geen versekering aan 'n testateur dat sy begunstigdes aan 'n bepaalde geloof getrou sal bly nie. Net soos wat Christene in die vroeër jare erken het dat hulle Katolieke is ten einde nie vermoor te word nie, maar steeds in hul harte geglo het dat hulle Christene is, kan 'n begunstigde voorgee om 'n Jood te wees ten einde nie sy erfvoordeel te verloor nie. Daar is dus geen verband tussen die doel en die beperking wat 'n geloofsklousule teweeg bring nie. 'n Geloofsklousule kan nie verhoed dat 'n Jood met 'n nie-Jood trou nie of dat 'n Jood nie van sy Joodse geloof afstand doen nie. Die enigste doel van 'n geloofkslousule, is om 'n testateur in staat te stel om die lewens van sy begunstigdes vanuit sy graf te beheer.

e) **Minder beperkende wyse om die doel te bereik:** Die laaste faktor wat toegepas moet word, is om te bepaal of daar 'n minder beperkende wyse is waarmee 'n testateur sy doel kan bereik. Dit is van kardinale belang om regte so min as moontlik te beperk en daarom is die voor die hand liggende vraag altyd of daar nie 'n alternatiewe, minder beperkende manier bestaan om die bepaalde reg te beperk nie, terwyl dieselfde effektiwiteit behou word nie.

---

158 Malherbe 1998 *TSAR* 694-695.
159 Van der Schyff *Freedom of Religion* 183.

Hierdie faktor bevraagteken nie die doel van die beperking nie, maar wel die metode wat ingestel is ten einde die doel te bereik teen die agtergrond van redelike en effektiewe alternatiewe.[160]

'n Testateur wat wil verseker dat sy geloof uitgebrei word, behoort eerder die erfvoordeel aan 'n instansie bemaak wat hulle daarvoor beywer om die betrokke geloof uit te brei. In só 'n geval sal daar dus geen beperking op 'n begunstigde se regte wees nie omdat 'n begunstigde nie 'n reg het om te erf nie, maar slegs 'n verwagting het om te erf. Indien die testateur 'n erfvoordeel aan 'n Joodse instansie bemaak beperk hy dus nie 'n begunstigde se regte nie. Waar 'n testateur dit wel ten doel het om 'n begunstigde te bevoordeel, maar nie indien hy van geloof verander of met iemand van 'n ander geloof trou nie, sal dit beter wees om die erfvoordeel vir die begunstigde se uitsluitlike gebruik in 'n trust na te laat.

### 3.3 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die Grondwet ten doel het om die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid in 'n oop en demokratiese samelewing te bevorder. 'n Testamentêre bepaling wat hierdie doel verydel behoort ongrondwetlik en gevolglik ongeldig te wees. Na oorweging van die doel en oogmerke van 'n geloofsklousule in 'n testament, blyk dit dat geargumenteer kan word dat dit inbreuk maak op die reg op menswaardigheid, gelykheid en geloof.[161] Die gevolg is dat 'n geloofsklousule waarskynlik na die inwerkingtrede van die Grondwet as *contra bonos mores* beskou word.

[160] Van der Schyff *Freedom of Religion* 187.
[161] Sien paragraaf 3.2 hierbo.

## HOOFSTUK 4
## SLOT EN AANBEVELINGS

### 4.1 Inleiding

'n Grondbeginsel van die Suid-Afrikaanse erfreg is die testeervryheid van 'n erflater. Mettertyd het daar gemeenregtelike en statutêre beperkings op hierdie vryheid van 'n testateur ontwikkel.[162] Die doel van hierdie studie is om te bepaal of die Grondwet en veral die Handves van Regte, verdere beperkings op die testeervryheid van 'n erflater plaas. Ten einde hierdie vraag te beantwoord is die ondersoek aan die hand van 'n voorbeeld gedoen, naamlik die bepaling in 'n testament wat bepaal dat 'n begunstigde sy erfvoordele sal verbeur indien hy met 'n persoon van 'n ander geloof trou of van sy geloof afstand doen (die sogenaamde "geloofsklousule").

In Hoofstuk 2 is daar na die posisie voor die inwerkingtrede van die Grondwet gekyk. Daar is bevind dat geloofsklousules voor die inwerkingtrede van die Grondwet nie *contra bonos mores* was nie en dus as geldig beskou is.

In Hoofstuk 3 is die posisie na die inwerkingtrede van die Grondwet ondersoek. Die relevante bepalings in die Handves is ontleed en daar is bevind dat 'n geloofsklousule op sekere regte vervat in die Handves inbreuk maak.[163] Hierdie inbreukmaking kan nie regverdig word ingevolge die beperkingsklousule nie en gevolglik blyk dit asof 'n geloofsklousule *contra bonos mores* en ongeldig is.

---

162 Sien paragraaf 2.3 hierbo vir 'n volledige bespreking van die beperkings op testeervryheid.

163 Sien paragraaf 3.2 hierbo.

## 4.2 Aanbevelings

'n Geloofsklousule maak waarskynlik op 'n begunstigde se keuse van 'n lewensmaat inbreuk. Nasionaliteit is een van die gronde in die gelykheidsbepaling en gevolglik sal sodanige diskriminasie onbillik wees. 'n Erflater se keuse van 'n lewensmaat behoort, in die lig van die oorwegings van die *boni mores*, swaarder te weeg as 'n testateur se vryheid om testamentêre beskikking met onbillike voorwaardes te maak.[164]

'n Geloofsklousule maak ook inbreuk op 'n begunstigde se reg op vryheid van godsdiens soos vervat in artikel 15 van die Grondwet.[165] 'n Begunstigde se vrye keuse van geloof weeg, in die lig van die oorwegings van die *boni mores*, swaarder as 'n testateur se vryheid tot 'n testamentêre beskikking met onbillike voorwaardes.[166]

Indien 'n begunstigde by 'n hof aansoek doen om 'n geloofsklousule in 'n testament as ongeldig te laat verklaar, kan die hof die betrokke testament as ongeldig verklaar en die boedel ooreenkomstig die reëls van die intestate erfreg verdeel. Hierdie bevel van die hof kan dan tot gevolg hê dat daar erfregtelike bevoordelings vir persone ontstaan wat die testateur glad nie as begunstigdes wou gehad het nie.[167]

'n Boedelbeplanner moet 'n voornemende testateur, wat wil verseker dat sy betrokke geloof uitgebrei word, adviseer om eerder die erfvoordeel aan 'n instansie te bemaak wat hulle daarvoor beywer om die betrokke geloof uit te brei en te versterk, as aan 'n begunstigde op wie se regte daar inbreuk gemaak kan word.

---

164 Du Toit *Testeervryheid* 393.
165 Sien paragraaf 3.2.2.2 hierbo.
166 Du Toit *Testeervryheid* 395.
167 Du Toit *Testeervryheid* 365-366.

## 4.3 Slot

'n Geloofsklousule in 'n testament is waarskynlik ongrondwetlik en daar sal waarskynlik nie uitvoering aan só 'n bepaling verleen word nie. 'n Geloofsklousule verleen geen versekering aan 'n testateur dat daar aan sy bedoeling gevolg gegee gaan word nie. Dit verleen eerder aan 'n testateur die bevoegdheid om op 'n indirekte wyse die lewens van sy begunstigdes vanuit sy graf te beheer.

'n Erflater wat sy betrokke geloof vir bevoordeel, behoort eerder van ander metodes, as geloofsklousules in testamente, gebruik te maak. Sodoende word verseker dat die regte van alle persone, ook begunstigdes, beskerm word.

## BIBLIOGRAFIE

### Boeke en artikels


**A**

Abrie *et al Bestorwe boedels* 5de uitg (Pro Plus uitgewers Pretoria 2003)

**B**

Bouwer APJ *Die Bereddeningsproses van Bestorwe Boedels* 2de uitg (JP van der Walt en Seun (EDMS) BPK Pretoria 1978)

**C**

Cheadle MH, Davis DM en Hayson NRL *South African Constitutional Law: The Bill of Rights* (Butterworths Durban 2002)

**D**

De Waal J, Currie I en Erasmus G *The Bill of Rights Handbook* 4de uitg (Juta Kaapstad 2001)

De Waal MJ en Schoeman MC *Erfreg studentehandboek* 2de uitg (Juta Kaapstad 1996)

De Waal MJ "The social and economic foundations of the law of succession" 1997 *Stell LR* 162-175

Du Plessis FJ "Testeervryheid in die Suid-Afrikaanse reg en die nuwe Grondwet" 1994 *Response Meridiana* 414-421

Du Plessis LM "Grondwetlike beskerming" vir godsdiensregte as groepsregte in Suid-Afrika : Kongres : Vryheid van godsdiens onder 'n nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika Maart – Junie 2002 214-229

Du Toit F "The Constitutionally bound dead hand? The impact of the Constitutional rights and principles on freedom of testation in South African law" 2001 *Stell LR* 222–257

Du Toit F *Testeervryheid in die Suid-Afrikaansereg in die lig van 'n Handves van Regte* (LLD-proefskrif Universiteit van Stellenbosch 2001)

**F**

Friedman LM "The Law of the Living, the Law of the Dead: Property, Succession and Society" 1966 *Wisconsin Law Review* 340

**H**

Hahlo HR "Jewish faith and race clauses in wills – A note on Aronson v Estate Hart" 1950 *SALJ* 231-244

Hahlo HR "Freedom of Religion v Freedom of Testation: 'Jewish Faith and Race' Clauses Revisited" 1968 *SALJ* 79-80

**J**

Jansen van Rensburg L en Stander L "Weeg die belange van skuldeisers swaarder as die belange van die solvente eggenoot?" 1998 *TSAR* 334-343

Joubert CP "Jewish faith and race clauses in Roman-Dutch Law" 1968 *SALJ* 402-420

**K**

Kerr AJ "The Bill of Rights in the new Constitution and Customary Law" 1997 *SALJ* 346-355

**M**

Malherbe EFJ "Die grondwetlike beskerming van godsdiensvryheid" 1998 *TSAR* 673-701

**P**

Palser E "An analysis of the pre- and post-constitutional positions regarding the conflict between testamentary freedom and non-discrimination" 2000 *TRW* 27-54

Pienaar G "The effect of equality and human dignity on the right to religious freedom" 2003 *THRHR* 579-590

**R**

Rautenbach C *The legal position of South African women under the law of succession* (LLD-proefskrif Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 2001)

Rowland CJ "Freedom of testation in South Africa" 1970 *Codicillus* 4-13

**V**

Van der Merwe NJ en Rowland CJ *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 5de uitg (JP van der Walt en Seun Pretoria 1987)

Van der Merwe NJ, Rowland CJ en Cronje MB *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6de uitg (JP van der Walt en Seun Pretoria 1990)

Van der Schyff G *The Right to Freedom of Religion in South Africa* (LLM-skripsie Randse Afrikaanse Universiteit 2001)

Van Wyk D "'n Paar opmerkings en vrae oor die nuwe Grondwet" 1997 *THRHR* 377-394

Visser PJ "Enkele beginsels en gedagtes oor die horisontale werking van die nuwe Grondwet" *THRHR* 296-303

**Hofsake**

*Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A)

*Bydawell v Chapman* 1953 3 SA 514 (A)

*Christian Education South Africa v Minister of Education of the Government of the RSA* 1999 9 BCLR 951 (SO)

*Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 4 SA 757 (KH)

*Clayton and Another v Ramsden and Others* 1943 1 All ER 16

*Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A)

*Du Plessis v De Klerk* 1996 3 SA 850 (KH)

*Ex parte Erasmus* 1970 2 SA 176 (T)

*Ex parte Wallace* 1970 1 SA 103 (NK)

*Harksen v Lane* 1998 1 SA 300 (KH)

*Ismail v Ismail* 1993 1 SA 1006 (A)

*Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W)

*National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Home Affairs* 1999 3 BCLR 280 (K)

*Prince v President of the Law Society, Cape of Good Hope and others* 1998 8 BCLR 976 (K)

*Prince v President, Cape Law Society and others* 2000 3 SA 845 (HA)

*Prince v President, Cape Law Society and others* 2001 2 BCLR 133 (KH)

*Prince v President, Cape Law Society* 2002 2 SA 794 (KH)

*Prinsloo v Van der Linde* 1997 6 BCLR 759 (KH)

*Robertson v Robertson's Executors* 1914 (AA) 503

*Ryland v Edros* 1997 1 BCLR 77 (C)

*S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg* 1997 10 BCLR 1348 (KH)

*S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (K)

**Internetbronne**

Venter F 2001 Utilizing Constitutional Values in Constitutional Comparison [Gevind op internet] HYPERLINK http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/fakulteite/regte/per/issues/01v1fran.pdf

Venter F 2005 Religious Freedom in South Africa [Gevind op die internet] HYPERLINK http://law.sun.ac.za/publawconf/papers/FVenter/Religious_Freedom.pdf [8-10 September]

**Wetgewing**

*Drankwet* 27 van 1989

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

*Skolewet* 84 van 1996

*Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988

*Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary* 140 van 1992

*Wet op Onderhoud van die Langslewende Gades* 27 van 1990

*Wet op die Onderverdeling van Landbougrond* 70 van 1970

Wet *op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed* 94 van 1965

**Ander**

Du Plessis AA *State, democracy, the discrepancy between `majority` and minority and issues pertaining to a multi-religious South Africa* (Research Document drafted for the South African Human Rights Commission) March 2005